MANNE-ONTBYT: HANGKLIP

Die ontbyt wat die Hangklip manne met liefde en vernuf voorberei, is volgende Saterdag. Kaartjies is R70 en kan nog na die diens gekoop word. Kaartjie-verkope sluit vandag.

GEBEDFOKUS

Ons sê vir die Here dankie vir die geseënde Pinkstertyd wat ons beleef het. Mag ons elke dag bereid wees om saam met die Here te waag.
Bid ook vir die Kerkraadsvergadering van Maandagaand. Bid dat daar vir elke besluit na die Here se wil gesoek sal word.

INTERNASIONALE DAG VAN GEBED

Vandag is dit Pinksterfees en ook 'n Internasionale Dag van Gebed. In ons gemeenskap vier ons dit in die NG Kerksaal in Eerstelaan om 15:00. Met hierdie geleentheid word die afsluiting van Pinkster gevier, maar alle christelike kerke in Kleinmond kom ook bymekaar om vir die streek en vir Suid Afrika in te tree. Verskillende geestelike leiers gaan voor in gebed en daar word in klein groepies gebid. Die doel van die byeenkoms is om God te eer vir sy almag en sorg en om Sy belange te bevorder. Ons Kogelbergstreek en Suid Afrika is blootgestel aan negatiwiteit en verval en ons beroep ons op ons Vader vir wysheid, insig en beskerming.

LAERSKOOL HOU KONSERT

23 en 24 Mei vanaf 19:00 in die skoolsaal. Kaartjies teen R50 by die skool beskikbaar. Gaan koop tussen 18:00 en 19:00 jou aandete van hamburger en skyfies.

HANGKLIP SE BASAAR

Op 3 November hou Hangklip basaar. Wolfgang Steinbach vra dat mense wat afskaal, verhuis of
net van hul oortollige huisraad ontslae wil raak, hom bel. Hy kom haal gratis en maak sommer
terselfdertyd die motorhuis leeg.
Sy nommer is:082 823 6821

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:
S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

20 Mei 2018

Welkom by die Nagmaal en Pinkster- en Dankofferfees

09:00	**Nagmaal: Kerksaal**	**- Ds. Steven Sass**
09:00	**Nagmaal: Hangklip**	**- Ds. Michiel de Kock**
09:30	**Nagmaal: Kerkgebou**	**- Dr. Chris Malan**

Deurkollekte: Pinksterdankoffer

Eredienste Sondag 27 Mei 2018

08:30	Erediens Kerksaal
09:00	Erediens Hangklip
09:30	Erediens Kerkgebou

Deuroffer Pinksterdankoffer

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Hennie Rossouw: HK1,
Johan Smal: HK1 (☎3427),
Johan Naudé: BB5 (☎9955), Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Lena Nel: Sa1, Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814),
Gerda le Roux: Sa3 (☎3254), Maria Human: Sc4,
en Isabel du Plessis: KP.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die twee lidmate wat vandag verjaar , gelukwens:

Ludwig Ahrens (PB1), Anna Vermaak (Ba2).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	15:00	Wêreldwye dag van gebed
	18:00	Bybelskool
Maandag	18:30	Kerkraadsvergadering
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep
Woensdag	16:00	Streekkerkraad: Bergstreek
	17:00	Streekkerkraad: Seestreek
Donderdag	16:00	Kooroefening
Saterdag	09:00	Manne-ontbyt

DS. STEVEN BY 'N RETRAITE

Van Maandag tot Vrydag is ds. Steven by 'n stilword retraite wat beteken dat hy geen selfoon-ontvangs het nie.

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Die volgende byeenkoms is **Donderdag 24 Mei** om 10:00 by Kogelpark. 'n Kliniese Sielkundige bespreek watter gevolge die beleef van ANGS het en hoe om dit te hanteer. Almal welkom. Kontak Madeleine 082 434 7377.

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 3 Junie 2018 om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp**. Let asb.daarop dat die tyd weer verander het. Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense. Vir meer besonderhede bel
Lisel Krige sel 082 572 2711\028 272 9533 of
Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

KERKRAADSVERGADERING

Elke kerkraadsvergadering begin met 'n Luistergeleentheid waartydens die kerkraadslede stil word vir so 'n uur om God se stem te hoor. Enige wyksouderling en dienswerker wat saam met die kerkraad wil kom stil word, is Maandagaand om 18:30 baie welkom om by die kerkraad aan te sluit. U sal verskoon word wanneer die formele vergadering begin!

GEE-BASAAR

Lidmate het via die Gemeentenuus kennis geneem van hierdie inisiatief. Op 16 Junie gaan al die verskillende demominasies in ons omgewing 'n basaar aanbied waar almal gratis kan kom geniet van wat aangebied word. Ons gemeente gaan pannekoek bak. As jy wil help, kan Ninnie du Toit (028 271 3172) gebel word. As jy 'n bydrae wil maak, kan dit by die kerkkantoor gedoen word. Nooi jou huishulp of iemand wat jy weet wat swaarkry en kom geniet saam met hulle die atmosfeer van welwillendheid. Later meer inligting oor waar en wanneer.